*Scriptura* 13 (1984) pp 56-66

# DIE WAARDE VAN BYBELKUNDE AS AGTERGRONDSVAK VIR GODSDIENSONDERRIG/BYBELONDERRIG

*Samuel Kemp*
*Departement Bybelkunde*
*Potchefstroomse Universiteit vir CHO*
*Vaaldriehoekkampus*
*Posbus 1174*
*1900 VANDERBIJLPARK*

*Abstract* - *The value of Biblical Studies as background subject for Religious Education/Bible Education*

A research project undertaken during 1983 to assess the present situation of Religious Education in primary schools, reveals that formal training in Biblical Studies is an important prerequisite for the successful teaching of Religious Education in primary schools. The article discusses several aspects involved, including reasons why the poten= tial of qualified teachers is not fully realized. In conclusion, some recommendations are made, inter alia that more posts specifically for Religious Education should be advertized.

* * *

## 1 *INLEIDING*

### 1.1 *Wetlike implikasies*

*Wet 39 van 1967* bepaal dat Godsdiensonderrig[1] as 'n vak in die skool aangebied moet word. Een van die redes waarom hierdie wet gemaak is, is die feit dat die huidige geslag al losser van die Christelike godsdiens en die kerk geraak het. Ouers het al meer en meer hulle Christelike plig, naamlik om hulle kinders op te voed in die weë van die Here, begin verwaarloos en het die onder= wys ook hierdie taak in 'n toenemende mate op hom geneem (Hurn en Van den Berg s a:22).

In 'n navorsingsprojek oor die huidige stand van Godsdiensonder=

rig in die laerskool wat mnr A J van den Berg in 1983 namens die Onderwyskollege Potchefstroom onderneem het, blyk dit dat die kerk veel meer as die skool hierdie taak van die ouers oorgeneem het. Die skool het dus nie, soos verwag is, die groot aandeel van die ouer in alle opsigte oorgeneem nie.

Sub-artikel 6 van Artikel 53 van die *Transvaalse Onderwysordon= nansie van 1953* bepaal dat elke onderwyser gewillig moet wees om Godsdiensonderrig sonder gewetenbeswaar aan te bied. Die onder= wyser kan wel met skriftelike goedkeuring (iets wat nie maklik verkry word nie) van die Direkteur van Onderwys hiervan vrygestel word (Hurn en Van den Berg, s a:18).

1.2 *Praktiese implikasie*

Die feit van die saak is dus dat feitlik elke onderwyser in die laerskool en 'n groot aantal in die hoërskool die vak moet aan= bied of hy/sy wil of nie. Dit is waar die probleem begin, want die vraag is nou of hy/sy die nodige kennis en Bybelkundige agtergrond het om die vak aan te bied.

1.3 *Eise vir die vak*

Bingle (1962:10,25) wys daarop dat Godsdiensonderrig op hoër= skool[2] meer geword het as onderrig in Bybelkennis, sedeleer of as beoefening van godsdiens. Dit het uitgegroei tot 'n volwaar= dige vak wat in sy samestelling net so vakwetenskaplik as enige ander vak is.

Dit vereis meer as blote Bybelse geskiedenis soos wat dit vroeg in die laerskool[3] aangebied word. Hierin moet verdieping kom en gewerk word na die eintlike betekenis van die Bybelse geskie= denis en wel na die Godsopenbaring. Die Bybelse geskiedenis word aangebied as draer van die Godsdiensopenbaring. Die Bybel moet dus in sy volle betekenis aan die leerlinge oorgedra word.

Om bogenoemde doelstelling te bereik is kennis van die aardryks= kundige agtergrond van die Bybel, oudheidkunde en die resultate van opgrawings in verband met die Bybelse tyd nodig. Verder moet aandag gegee word aan die openbaringsgeskiedenis, die same= stelling van die Bybel, die geskiedenis van die Christelike kerk, die Christelike geloofsleer en sedeleer, vakmetodiek en die godsdienstige ontwikkeling van die kind.

1.4 *Die huidige situasie*

Die stellings wat hierna volg, is geneem uit gesprekke wat die

referent met die Inspekteur van Onderwys in Transvaal, skool=
hoofde, dosente en onderwysers gevoer het en uit navorsingspro=
jekte, verhandelings en proefskrifte van verskillende persone.

1.4.1 Daar word baie goeie werk in Godsdiensonderrig gedoen
deur onderwysers wat opleiding in Bybelkunde het. Daar
is wel uitsonderings waar onderwysers wat nie Bybelkunde bestu=
deer het nie, ook goeie werk doen.

1.4.2 Godsdiensonderrig word gereeld gebruik om onderwysers se
roosters vol te maak. Vir so 'n onderwyser is dit 'n
las in plaas van 'n lus. In die meeste gevalle word die vak
aangebied deur persone wat geen opleiding in die vak het nie
(Coetzee, 1982:2).

1.4.3 Baie onderwysers in Transvaalse sekondêre skole wat nie
Bybelkunde bestudeer het nie, is geneig om òf suiwer
geskiedenis te behandel òf sedepreke of sedelesse kwyt te raak
(Stander, 1973:16,94).

1.4.4 Baie leerlinge hou nie van Godsdiensonderrig op skool
nie. Onderwysers wat die vak aanbied, is ongewild.
"Godsdiensperiodes" word meestal vir ander bedrywighede gebruik.
Bybelkunde word hoër aangeslaan as Godsdiensonderrig (Du Plessis,
1982:5). In hierdie ondersoek was die proefpersone eerstejaar=
studente van die RAU, PU vir CHO en GOK.

1.4.5 79,1% standerd 10-leerlinge wat Bybelkunde neem in
Transvaalse skole hou van Godsdiensonderrig en 74,4%
beweer dat kennis van die vak vir hulle bruikbaar in Bybelkunde
is (Maree, 1975:164).

1.4.6 Bykans 'n derde van die standerd 10-leerlinge voel dat
hulle Godsdiensonderrig-onderwysers nie genoeg van die
vak weet nie. Tog sê 87,5% leerlinge dat die vak vir hulle
groot waarde het (Dreckmeyr, 1975:133).

1.4.7 Daar is genoeg onderwysers wat Bybelkunde bestudeer het,
maar hulle word nie ten volle benut nie.

1.4.8 70% jong onderwysers sê hulle Godsdiensonderrig-onder=
wysers op laerskool was goed onderlê in die vak teenoor
51% wat dit van hulle hoërskoolonderwysers sê. 74% sê hulle
dosente op kollege en universiteit het hulle vak goed geken
(Van den Berg, 1983).

1.4.9 Baie keer word die vraag gestel of Godsdiensonderrig nog

'n plek in die skool het (Coetzee, 1982:3,4). Daar is sekerlik voor- en nadele wat genoem kan word as die vak nie vir die skool aangebied word nie.

Skoolhoofde, dosente, onderwysers, studente en leerlinge is sterk gekant teen die moontlike afskaffing van Godsdiensonderrig in die skool, kollege of universiteit. In hierdie referaat is die be= nadering egter dat dit wel 'n plek in die skool het.

## 2 *GODSDIENSONDERRIG-SILLABUSSE VAN SKOLE (Gr 1 tot st 10) EN BYBELKUNDESILLABUSSE VAN ONDERWYSKOLLEGES EN UNIVERSITEITE*

Aangesien al die kongresgangers die inhoud van die onderskeie sillabusse redelik goed ken, gaan dit nie hier behandel word nie.

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die onderwerpe wat in die Godsdiensonderrig-sillabusse vir laer- en hoërskole voor= kom deur die sillabusse vir Bybelkunde aan onderwyskolleges en universiteite gedek word. Daar is universiteite wat nie al die dissiplines aanbied nie, byvoorbeeld openbaringsgeskiedenis en kerkgeskiedenis. Solank dië dissiplines in die skoolsillabusse voorkom, sal aandag daaraan gegee moet word. Dit gaan egter nie in die referaat oor die inhoud van die sillabusse nie.

## 3 *DIE WAARDE VAN BYBELKUNDE AS AGTERGRONDSVAK VIR GODSDIENSONDERRIG*

Om die waarde van Bybelkunde vir Godsdiensonderrig aan te toon, is dit nodig om te let op navorsingsresultate wat aandui hoe min onderwysers met Bybelkundige kwalifikasies die vak Godsdiens= onderrig aanbied en wat die gevolge daarvan is. Verder moet ook gekyk word na die waarnemings van verskeie persone wat in die klaskamers van skole staan of persone wat beheer uitoefen oor die Godsdiensonderrig op skool.

Wanneer gekyk word na al die stellings wat in paragraaf 1.4 genoem is, en ander wat nie opgeteken is nie, staan twee sake baie duidelik uit, naamlik:

1) Waar Godsdiensonderrig aangebied word deur onderwysers met Bybelkunde as akademiese vak en die metodiek van Godsdiens= onderrig die nodige aandag gekry het, gaan dit baie goed met die vak.

   In skole waar Bybelkunde as keusevak aangebied word, is hoofde daarvan oortuig dat die instelling van die vak die

belangstelling in Godsdiensonderrig verhoog het (Maree, 1975: 166). Die afleiding is dus: Waar die gekwalifiseerde Bybelkundeonderwyser ook Godsdiensonderrig aanbied, is dit besonder geslaagd.

2) Waar Godsdiensonderrig as stopvak vir onderwysers gegee word om hulle roosters vol te maak, of waar die vak deur onopge= leide (sonder Bybelkunde) Godsdiensonderrig-onderwysers aan= gebied word, gaan dit beslis nie goed met die Godsdiensonder= rig nie.

Bingle (1962:74) het reeds in 1962 daarop gewys dat die Godsdiensonderrig-onderwyser 'n wetenskaplik opgeleide in sy vak moet wees. Hy meen dat graadstudie daarvoor nodig is, maar dat min universiteite daardie tyd in dié rigting 'n graadkursus aangebied het. Vandag is daar baie meer geleent= hede vir studente om Bybelkunde as vak by Onderwyskolleges (tot by Bybelkunde II) en by universiteite (tot by Bybel= kunde III en selfs tot doktorale vlak) te bestudeer.

3.1 *Navorsingsresultate*

"In Kaapland byvoorbeeld besit die meeste onderwysers vir Bybel= onderrig geen Bybelkundige kwalifikasies nie. Vir die doseer van Bybelkunde egter, besit almal die nodige kwalifikasies, naamlik Bybelkunde II of hoër" (Bardin, 1982:25). Hy wys ook daarop dat in een provinsie waar Bybelonderrig by hoërskole aangebied word, daar 91,5% onderwysers is wat nie oor voldoende akademiese kwalifikasies daarvoor beskik nie. "Hierdie onder= wysers kan dus nie hierdie moeilike vakgebied met vertroue beheers nie" (Bardin, 1982:15).

Vir Dreckmeyr (1975:139/40) is dit kommerwekkend dat slegs 51,1% van die Godsdiensonderrig-onderwysers in Transvaal opleiding in Bybelkunde gehad het. 'n Derde van die st 10-leerlinge in sy ondersoek sê dat die meeste van hulle Godsdiensonderrig-onder= wysers nie genoeg van die vak weet nie. Dit dui op 'n ernstige klag en leemte en beklemtoon die belangrikheid en noodsaaklik= heid van goed opgeleide vakonderwysers in Bybelkunde en Godsdiens= onderrig.

Bardin (1982:229) gee die volgende vergelykende syfers vir kolleges en universiteite ten opsigte van *Godsdiensonderrig as verpligte opleidingskursus:*

Gemiddelde aantal lesings wat aanstaande sekondêre onderwysers ontvang: 26

Gemiddelde aantal lesings wat aanstaande primêre onderwysers ontvang: 109.

Hieruit, sê Bardin, is dit heel duidelik dat hoërskoolonderwysers baie slegter daaraan toe is wat hulle voorbereiding betref indien hulle Godsdiensonderrig op hoërskool moet aanbied.

Volgens Maree (1975:67) het die onderwyser vir Bybelkunde op skool akademiese opleiding in die vak ontvang wat hom uitnemend geskik maak vir die aanbieding van Godsdiensonderrig. Hy beskou dit as absoluut belangrik dat Godsdiensonderrig vir st 6-en st 7-leerlinge deur 'n vakspesialis in Godsdiensonderrig met akademiese opleiding in Bybelkunde aangebied moet word.

In sy navorsingsprojek oor die huidige stand van Godsdiensonder=rig in die laerskool het Van den Berg die volgende gevind: Die persentasie laerskoolonderwysers wat Bybelkunde as vak geneem het, is besonder hoog, naamlik 42,1%. Dit is meer as die persen=tasie studente in die toetsgroep wat tans Bybelkunde neem. Die afleiding word gemaak dat Bybelkunde vroeër meer algemeen as vandag as vak gekies is. Uit sy ondersoek blyk dit dat studente en onderwysers dit eens is dat Godsdiensonderrig op laerskool en kolleges goed aangebied word, maar dat die vak in die hoërskool nie tot sy reg kom nie.

## 3.2 *Waarneming uit die praktyk*

Hierdie waarnemings word nie as navorsingsresultate aangebied nie, maar as betroubaar aanvaar omdat dit persone is wat in toesighoudende hoedanigheid in die skole diens lewer. In 'n navorsingsprojek sou hulle sekerlik dieselfde gegewens verstrek het.

Hier sal onderskei word tussen die waarde van die Godsdiens=onderrigonderwyser wat Bybelkunde as agtergrondsvak by 'n onder=wyskollege of 'n universiteit bestudeer het en die wat nie opleiding in Bybelkunde gehad het nie.

### 3.2.1 Indiensopleiding

Indiensopleiding deur die Inspekteur van Onderwys en die Departementshoof Opvoedkundige Leiding word baie vergemaklik wanneer hulle met 'n ten volle opgeleide onderwyser te doen kry.

Mnr D F Milne, Inspekteur van Onderwys in Transvaal, sê wanneer hy 'n ten volle opgeleide Godsdiensonderrig-onderwyser ontmoet, volg hy 'n ander indiensopleidingsprogram wat baie meer vrugte afwerp. Dit maak sy werk aangenaam, want as hy praat oor bv kultuurhistoriese agtergrond of eksegese, word hulle geesgenote. Hy hoef nie van vooraf te begin met die inhoudelike nie, maar kan dadelik op die metodologiese konsentreer. Die onderwyser

wat nie 'n bybelkundige agtergrond het nie, verkeer meestal op 'n ander vlak; hy ken nie die vaktaal nie, hy het nie die "sleutels" om mee te werk nie. Hy kan dit wel aanleer, maar dit gaan baie lank neem.

'n Baie knap Departementshoof Opvoedkundige Leiding sê die grootste leemte in haar opleiding is dat sy nie Bybelkunde as vak geneem het nie. Dit sou vir haar dan makliker gewees het om nog beter leiding aan haar onderwysers te gee.

3.2.2 'n Tweede vak

Normaalweg het die onderwyser wat Godsdiensonderrig *moet* gee sonder opleiding in Bybelkunde 'n tweede vak wat hy/sy moet aanbied. Dit is gewoonlik die onderwyser se hoofvak waarvoor hy dan alles gee en dan ly die Godsdiensonderrig skade. Indien hy Bybelkundige opleiding gehad het sou dit vir hom makliker gewees het om Godsdiensonderrig as 'n tweede vak te hanteer. 'n Onder=wyseres wat Bybelkunde III het en Godsdiensonderrig as tweede vak op hoërskool aanbied, vertel hoe die Inspekteur van Onderwys voor haar vir die leerlinge gesê het: "Julle is darem gelukkig om 'n juffrou te hê wat haar vak ken".

3.2.3 Waarde vir die leerling

Die Godsdiensonderrig-onderwyser wat Bybelkunde as agter=grondsvak het, is ook van waarde vir die leerling wat tog die belangrikste persoon in die hele proses is. Dié onderwyser bied sy vak met vertroue aan en daarom het die leerling vertroue in sy onderwyser. Hy kan dan baie vir die leerling se geestelike ontwikkeling beteken.

Die onderwyser wat nie die vakkennis van Bybelkunde het nie, kan nie met selfvertroue werk nie. Dit gebeur dan maklik dat die ondergeskikte heers oor die een wat in die klas beheer moet uitoefen en dit kan lei tot gesagsprobleme. Veral matrikulante vra soms vrae oor aktuele sake en vra dat dit uit die Bybel bewys moet word. As die onderwyser nie die Bybel reg kan hanteer nie, dan probeer hy dit op 'n morele grondslag hanteer, suiwer eties, maar dit bevredig die leerling nie.

Die Bybelkundig opgeleide onderwyser wat die vak goed hanteer, wek by die leerlinge 'n liefde vir die Bybel en dit dra by tot die bevordering van Bybelkunde as keusevak op hoërskool, kollege en universiteit. Die onderwyser wat nie so opgelei is nie, doen nie net skade by Godsdiensonderrig nie, maar skrik die leerlinge af vir Bybelkunde.

Leerlinge kies normaalweg 'n vak agter 'n persoon aan. Volgens

die Inspekteur van Onderwys is daar verskeie skole in Transvaal waar Bybelkunde gegroei het as gevolg van 'n goed opgeleide Godsdiensonderrig-onderwyser. Daarom is dit so belangrik dat Godsdiensonderrig, veral in st 6 en st 7, deur 'n goed opgeleide onderwyser aangebied moet word.

3.2.4 Interpretasie en implementering van sillabusse

Die wetenskaplik opgeleide Godsdiensonderrig-onderwyser kan sy sillabus baie makliker interpreteer en implementeer en is daarom nie so handboekgebonde nie. Hy gebruik die Bybel baie meer oordeelkundig omdat hy vertroud is met die Skrif en die hantering daarvan. Die leerlinge wat by hom klas kry, werk self ook meer met die Bybel. Die onderwyser wat nie die Bybelkunde-agtergrond het nie, is baie meer handboekgebonde; hy voel veiliger met die handboek. Hy lees slegs wat in die handboek staan en gee opdrag aan die leerlinge om die vrae in die hand=boek te beantwoord. Hy waag nie om met hulle te redeneer nie.

'n Probleem is dat baie mense, selfs enkele hoofde van skole nog dink dat enige persoon die vak Godsdiensonderrig kan aanbied. Dit is moontlik, maar dan moet dit met oorgawe gedoen word.

Daar is natuurlik ook diegene met 'n bybelkundige agtergrond wat ook sukkel, maar dit is dikwels as gevolg van 'n gebrek aan ervaring en kan gou reg gestel word deur indiensopleiding.

3.2.5 Kontinuïteit in aanbieding

Die Godsdiensonderrig-onderwyser met Bybelkunde as vak geniet normaalweg die aanbieding daarvan in so 'n mate dat hy/sy bereid is om dit jaar na jaar aan te bied. Die tendens by skole is dan ook om sulke onderwysers goed te benut. Hoofde praat met groot lof van diegene se toewyding. Die onderwyser wat nie Bybelkunde het nie en verplig word om Godsdiensonderrig te gee, is traag om die vak elke jaar aan te bied en stel nie daarin belang om 'n hoër klas te neem nie.

3.2.6 Klimaat vir Godsdiens en Godsdiensonderrig

Hoewel die godsdienstigheid van 'n bepaalde skool nie gemeet kan word aan sy Godsdiensonderrig nie, speel dit tog 'n belangrike rol. Die gelowige onderwyser met opleiding in Bybel=kunde, sorg normaalweg dat daar 'n baie goeie klimaat geskep word vir beide Godsdiensonderrig en godsdiens in die skool. Die referent het dit dikwels tydens Praktiese Onderwysgesoeke by verskeie skole ervaar.

3.2.7 Gelowige Onderwyser

Al sou 'n skool die bes gekwalifiseerde persoon vir Gods=

diensonderrig hê en hy/sy is nie 'n gelowige nie, sal die kwali= fikasies van weinig nut wees. Hy/sy sal wel kennis kan oordra, maar nooit tot die hart van die kind kan spreek nie. As iemand self nie die geloof besit nie kan hy tog nie die geloofsgoedere aan 'n ander oordra nie. Hier moet Mt 18:6 steeds in gedagte gehou word: "Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink".

## 4 *GEVOLGTREKKINGS*

4.1 'n Groot aantal onderwysers met geen opleiding in Bybel= kunde en met 'n gebrekkige kennis van die vakmetodiek, bied Godsdiensonderrig aan.

4.2 In sekere provinsies is daar voldoende opgeleide onder= wysers in die vak, maar word nie ten volle benut nie.

4.3 Godsdiensonderrig moet aan universiteite veel meer aandag kry om sodoende die onderwysers vir die sekondêre skole nog beter voor te berei vir die aanbieding van Godsdiensonderrig.

4.4 Bybelkunde is as agtergrondsvak van groot waarde en onont= beerlik vir die aanbieding van Godsdiensonderrig.

## 5 *AANBEVELINGS*

5.1 Dank en waardering moet betuig word teenoor Onderwys= departemente waar ten volle opgeleide onderwysers reeds tot 'n mate benut word.

5.2 By hierdie kongres bestaan die mening dat die benutting van Bybelkundig-opgeleide onderwysers nog baie groter moet wees. Sekere skole gee nog nie gehoor daaraan nie. Dié stand= punt word ingeneem op grond van statistiek verkry uit die Trans= vaalse Vakaturelyste vir 1982 en 1983:

*Hoërskole*

| Vakaturelys | Aantal skole | Aantal poste | Aantal *GDS-poste | GDS-poste alleen | GDS + ander vak | Ander vak + GDS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1982-02-10 | 114 | 748 | 18 | 9 | 2 | 7 |
| 1982-05-05 | 189 | 1588 | 30 | 16 | 5 | 9 |
| 1983-05-04 | 228 | 1451 | 45 | 25 | 9 | 11 |

*GDS = Godsdiensonderrigposte

*Laerskole*
In die vakaturelys van 5 Mei 1982 verskyn slegs *een* pos vir Musiek, Afrikaans *en* Godsdiensonderrig en in dié van 4 Mei 1983 ook net *een* pos vir Bybel. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dat veral Onderwyskollegestudente huiwerig is om Bybelkunde as keusevak te neem. Uit die statistiek blyk dit dat die hoofde van laerskole en hoërskole nie ernstig genoeg daaraan dink om die vak aan 'n deeglik opgeleide Godsdiensonderrig-onderwyser toe te ken nie.

Dit word ten sterkste aanbeveel by die Onderwysdepartemente om meer poste vir Godsdiensonderrig in die vakaturelyste te adver= teer.

5.3 Dit is absoluut noodsaaklik dat Godsdiensonderrig, as dit tot sy reg wil kom op skool, deur gelowige en deeglik opgeleide onderwysers in Bybelkunde en die metodiek van Gods= diensonderrig, aangebied moet word.

## 6 *VIR BESPREKING*

6.1 Bybelkunde moet 'n verpligte vak vir elke onderwyser gemaak word of Godsdiensonderrig moet slegs deur wetenskap= lik opgeleide Godsdiensonderrig-onderwysers aangebied word.

6.2 Die inhoudelike by Godsdiensonderrig-kursusse moet deur die Departement Bybelkunde aangebied word en nie deur die Departement Opvoedkunde by kolleges en universiteite nie. Laas= genoemde departement kan indien nodig die metodiek van die vak hanteer.

6.3 Die plek van Godsdiensonderrig op die skoolrooster. Godsdiensonderrig moet 'n volwaardige vak wees en nie maar net gebruik word om onderwysers se aantal periodes aan te vul tot op die vereiste peil nie.

## *N O T A S*

1) In die Kaapprovinsie en die Vrystaat staan die vak bekend as Bybelonderrig terwyl dit in die Engelse gemeenskap "Religious Instruction" genoem word.

2) en 3) Volgens my mening geld dit reeds vanaf st 2 in die laerskool. Daar word selfs in die Junior primêre fase aan die kultuurhistoriese agtergrond en open= baringsbetekenis aandag gegee.

## B I B L I O G R A F I E

Bardin R L 1982 *'n Evaluering van onderwysopleiding vir Gods=diensonderrig in blanke skole in die Republiek van Suid-Afrika.* Ongepubliseerde D Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Bingle H J J 1962 *Metodiek van Godsdiensonderrig op die middel=bare skool.* Pretoria-Potchefstroom: Interkerklike Uit=gewerstrust.

Coetzee H S J 1982 *Godsdiensonderrig in die skool.* Referaat gelewer by die kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Bybelkunde, R A U, Johannesburg. 13 April 1982.

Dreckmeyr M 1975 *Die houding van Afrikaanssprekende matriku=lante in Transvaal teenoor godsdiensonderrig.* Ongepubli=seerde M Ed-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Du Plessis P J 1982 *Kommer oor die onderrig van Bybelkunde op skool.* R A U-Rapport Jaargang 15 Nr 2. Junie 1982. Johannesburg.

Hurn H J en A J van den Berg s a *Metodiek van Godsdiensonder=rig.* Potchefstroom: Wesvalia.

Maree H O 1975 *'n Evaluering van Bybelkunde as keusevak in Transvaalse Afrikaanse sekondêre skole.* Ongepubliseerde M Ed-verhandeling. Potchefstroom: PU vir CHO.

Stander H C 1973 *'n Prinsipiële en empiriese ondersoek na die huidige stand van godsdiensonderrig in die Transvaalse sekondêre skole.* Ongepubliseerde M Ed-verhandeling. Potchefstroom: PU vir CHO.

Van den Berg A J 1983 *Die huidige stand van Godsdiensonderrig in die laerskool.* Navorsingsprojek namens die Departement Bybelkunde, Onderwyskollege Potchefstroom.